WATTER VOORDELE IS HIERAAN VERBONDE?

Die voordele sluit 'n aansienlik verbeterde beskerming van mariene habitats en spesies, visserybestuur, onderwys en navorsing in. Die nuwe Reservaatsones sal feitlik al die belangrike gedeeltes van die kuslyn beskerm en min van die groot visvangsgebiede affekteer. Dit is ook eenvoudiger as die bestaande kombinasie van reservate, gedeeltelike mariene reservate en visvangsreservate. Die MBG sal deel wees van die Tafelberg Nasionale Park en net soos Australië se Groot Koraalrif Mariene Park, sal dit 'n belangrike attraksie vir toeriste wees.

HOE SAL DIT BESTUUR WORD?

Die MBG sal in vennootskap bestuur word deur Mariene en Kusbestuur (MKB) en Tafelberg Nasionale Park met biodiversiteitsbewaring as die belangrikste oogmerk in ooreenstemming met die Wet op Mariene Lewende Hulpbronne. Waar visvang wel toegelaat word sal geen addisionele beperkings opgelê word behalwe dié wat reeds op die res van Suid-Afrika van toepassing is nie. Geen visvangs hoegenaamd sal in die Reservaatsones toegelaat word nie. Dit sluit die verwydering van enige mariene spesies in en enige aktiwiteit wat tot die versteuring of oestery van enige mariene spesies kan lei.

Die MBG sal saam met die bestaande grondgedeeltes van die Tafelberg Nasionale Park in ooreenstemming met sy bestuursplan bestuur word.

HOE KAN EK KOMMENTAAR LEWER?

Skriftelike kommentaar moet teen 16:00 op 18 Mei 2004 gerig word aan:

Die Adjunk-direkteur-generaal
Departement van Omgewingsake en Toerisme
Tak:Mariene en Kusbestuur
Privaatsak X2
Roggebaai 8012
of



7de Verdieping
Foretrust-gebou
Martin Hammerschlagweg
Strandgebied
Kaapstad

JOU LAASTE KANS OM KOMMENTAAR TE LEWER

'n Mariene Beskermde Gebied vir Tafelberg Nasionale Park

‘n MARIENE BESKERMDE GEBIED VIR TAFELBERG NASIONALE PARK

JOU LAASTE KANS OM KOMMENTAAR TE LEWER

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme beoog om die waters rondom die Kaapse Skiereiland as ‘n Mariene Beskermde Gebied te proklameer. Dit sal help om die mariene omgewing te bewaar en verder ook bepaal waar mense kan visvang. Jy het tot 18 Mei 2004 ‘n kans om kommentaar te lewer. Wees deel van die besluit oor die toekoms van ons waardevolle mariene omgewing.

WAAROM ‘N MARIENE BESKERMDE GEBIED?

Die Kaapse Skiereiland is ‘n gebied met uitsonderlike mariene en kus-biodiversiteit wat nadelig deur visvangaktiwiteite, besoedeling, kusontwikkeling en ontspanningsgerief beïnvloed word. Ten einde die bewaring en bestuur van die mariene omgewing op ‘n volhoubare manier te verbeter, word daar voorgestel dat die bestaande netwerk van gefragmenteerde Mariene Beskermde Gebiede (MBG’e) vervang word deur een enkele MBG wat in vennootskap met die Tafelberg Nasionale Park (TNP) en Mariene en Kusbestuur (MKB) bestuur sal word.

IS DIE PUBLIEK GERAADPLEEG?

Omvattende beraadslaging met die publiek en belanghebbendes in die vissery het reeds plaasgevind en ‘n uitvoerige wetenskaplike proses is onderneem om die mees geskikte grense vir die nuwe MBG te bepaal. Dit is nou jou finale kans om op die voorgestelde proklamasie kommentaar te lewer.

WAT WORD VOORGESTEL?

‘n Enkele MBG rondom die Skiereiland van Mouillepunt tot by Muizenberg (Baileys Cottage), soos aangedui in Figuur 1. Visvang sal toegelaat word behalwe in sekere Reservaatsones waar geen visvang hoegenaamd toegelaat sal word nie. Hierdie sones sluit die volgende in:

LANGS DIE ATLANTIESE KUS

- Karbonkelberg-reservaatsone, van Oudekraal tot by die suidelike punt van die Sentinel (Houtbaai), seewaarts tot lengtegraad 018°17’797E;
- Goeie Hoop-reservaatsone, van Scarborough tot Hoek van Bobbejaan, seewaarts tot lengtegraad 018°21’800E (tussen Scarborough en Olifantsbos) en 018°22’300E (tussen Olifantsbos en Hoek van Bobbejaan);

LANGS DIE VALSBAAIKUS

- Paulsberg-reservaatsone, van Venuspoel (Bordjiesrif) tot Smits-winkelbaaipunt, seewaarts tot lengtegraad 018°29’000E;
- Castle Rocks-reservaatsone, van Whale Rock (Smitswinkelbaai) tot Boat Rock (Millerspunt), seewaarts tot lengtegraad 018°29’300E;
- Boulders-reservaatsone, van die A-raam (Murdock-vallei) tot Seaforth (Simonstad), seewaarts (noordwaarts) tot breedtegraad 34°10’581S; en
- St James-reservaatsone, tussen Kalkbaai-stasie en St James-stasie, seewaarts tot ‘n posisie 34°07’567S; 018°27’568E.
- Visvangsregulasies sal regdeur die MBG streng toegepas word (soos beperkings op die hoeveelheid sakke en minimum groottes), en dit geld ook vir die regulasies wat die versteuring van mariene lewe, besoedeling en skeepvaart beheer.

Nota: Gedetailleerde grense en koördinate van die voorgestelde MBG word in die Regskennisgewing gelys. Dit is verkrygbaar van die Departement van Omgewingsake en Toerisme en kan ook afgelaai word van www.environment.gov.za



‘n Meer uitvoerige tegniese dokument is by die kantore van die Tafelberg Nasionale Park by Westlake-plein verkrygbaar, skakel 701 8692